138/92

LL

Saak No 49/1991

IN DIE HOOGGEREGHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

SANDILE GQABI — Appellant

teen

DIE STAAT — Respondent

CORAM: VAN HEERDEN, NIENABER ARR et VAN COLLER WAR

VERHOORDATUM: 7 SEPTEMBER 1992

INHANDIGINGSDATUM: 11 SEPTEMBER 1992

---

REDES VIR UITSPRAAK

---

VAN HEERDEN AR:

Gedurende die aand van Vrydag, 8 Augustus 1986, of die vroeë oggendure van Saterdag, 9 Augustus, is wyle R E Norton in sy huis in Parkstraat 4, Grahamstad, om die lewe gebring. Sy liggaam is die Saterdag omstreeks 11 vm aldaar aangetref. Om sy nek was 'n kleinerige handdoek. Die oorsaak van sy dood was asfiksie meegebring deur verwurging. Daar was ook kneuswonde op sy linkerelmboog en -knie. Dié was vereenselwigbaar met die trek of sleep van die oorledene oor 'n oppervlakte soos 'n vloer.

Gedurende die loop van die Saterdag is 'n aantal artikels vermis wat die vorige dag nog in die huis was. Hulle sluit in 'n televisiestel, 'n radio en klerasie. Adjudant-offisier Norval het ook vasgestel dat 'n ruit van 'n kombuisvenster en 'n venster van die sitkamer onlangs gebreek was. In beide die kombuis en sitkamer het glasstukkies gelê.

Voortspruitende uit bostaande is die appellant en ses mede-beskuldigdes in die Oos-Kaapse Afdeling aangekla van huisbraak met die opset om te roof en roof (aanklag 1) en moord op die oorledene (aanklag 2). Die verhoorhof (Kroon R en assessore) het die appellant en een van sy mede-beskuldigdes op die eerste aanklag aan huisbraak met die opset om te steel en roof, en op die tweede aanklag aan strafbare manslag, skuldig bevind. (Die ander beskuldigdes is vrygespreek.) Later het Kroon R aan die appellant verlof verleen om teen sy skuldigbevindings na hierdie hof te appelleer.

Al wat die appellant met die pleging van die misdade verbind het, was 'n skriftelike verklaring wat by die verhoor ingehandig is. Die Staatsgetuienis was dat die appellant hierdie verklaring op 27 Augustus 1986 voor kaptein Oosthuizen afgelê het. Die appellant het ontken dat hy die

verklaring gemaak het, maar die verhoorhof het bevind dat hy dit wel gedoen het. Hierdie bevinding is tereg nie op appèl aangeveg nie.

Die verklaring lui soos volg:

> "Ons het by 'n huis in Parkweg te Grahamstad ingegaan; ek is nie seker of die huis wel in Parkweg was nie. Dit was ek en Biki, Zola, Sthembiso, Mapini en Louisa en Vuyani. Ons het die agterste venster van die huis gebreek en Zola by die venster ingesit. Zola het die agterdeur oopgemaak en ons het by die agterdeur ingegaan. Ons het in die gang van die huis geloop en 'n blanke man in een van die kamers in die huis gesien. Ons het gesien dat hierdie blanke man slaap. Ons het op hom gespring. Biki het 'n lap om sy oë vasgemaak. Ek het 'n nekdoek om die blanke man se mond vasgebind. Ons het hom geslaan en gesleep tot by die kombuis. Ons het die voordeur van die huis oopgesluit en die huis by die voordeur verlaat. Daarna het ek na my huis gegaan. Dit is al wat ek nou wil sê. Ek sal die plek gaan uitwys."

Die verhoorhof het bevind dat daar geen rede was om die betroubaarheid van die inhoud van die verklaring in twyfel te trek nie, en dat dit verwys

het na die gebeure waartydens die oorledene gedood is. Die appellant se getuienis dat hy nie op 8 of 9 Augustus 1986 in of naby die oorledene se huis was nie, is dus verwerp.

Een van die appellant se mede-beskuldigdes, Nambo, het ook 'n verklaring (bewysstuk E) gemaak. In sy geval het die verhoorhof bevind dat die inhoud van bewysstuk E hom nie buite redelike twyfel met die tersaaklike gebeure in die oorledene se huis verbind het nie. In hierdie hof het die appellant se advokaat op grond van 'n vergelyking van die inhoud van bewysstuk E met dié van die appellant se verklaring, betoog dat die verhoorhof dieselfde twyfel aangaande die appellant se verklaring moes gehad het. Ek vind dit nie nodig om op hierdie betoog in te gaan nie. Indien so 'n vergelyking aantoon dat die verhoorhof misgetas het, kan dit natuurlik wees vanweë 'n verkeerde oordeel aangaande die draagwydte van bewys-

stuk E. En al wat tans ter sprake is, is of die appellant se verklaring hom genoegsaam met die bevonde misdade verbind.

Die appellant se advokaat het ook betoog dat bedoelde verklaring in sekere opsigte vaag is, en in ander opsigte nie strook met die Staatsgetuienis nie. In eerste instansie is aangevoer dat die verklaring nie vermeld wanneer die gebeure daarin uiteengesit plaasgevind het nie, en dat die appellant nie seker was van die presiese ligging, in Grahamstad, van die huis waarby hy en sy makkers ingebreek het nie. Hierdie is sekerlik faktore wat oorweging verdien, maar dit dien ook in gedagte gehou te word dat die verklaring afgelê is slegs ongeveer 18 dae na die oorledene se dood.

In verband met die ligging van die huis waarna in die verklaring verwys is, is hierdie hof gevra om 'n ongunstige afleiding teen die respondent

te maak omdat die appellant gesê het dat hy die huis sou "gaan uitwys"; hy blykbaar wel later 'n uitwysing aan kaptein Kriel gemaak het, en laasgenoemde nie as getuie opgeroep was nie. Daar kan egter verskeie redes vir die versuim wees. Een is dat hoewel die appellant die oorledene se huis uitgewys het, die respondent dit nie nodig geag het om Kriel te laat getuig nie. Dit is dan ook inderdaad wat die respondent se advokaat te kenne gegee het toe die Staat se saak gesluit is. Hierteenoor het die appellant nie getuig dat hy op enige stadium 'n huis in Grahamstad anders as dié van die oorledene aan Kriel uitgewys of wederregtelik betree het nie.

Tweedens is aan die hand gedoen dat die appellant se bewering dat "ons" 'n venster aan die agterkant van die huis gebreek het nie te rym is met die feit dat twee vensters kort voor die oorledene se dood gebreek is nie. Nou is dit so dat die sitkamer-

venster van die oorledene se huis nie aan die agterkant daarvan is nie. Die kombuisvenster is egter wel. Die appellant se verklaring strook dus met die breek van laasgenoemde venster. Indien die verklaring wel na die gebeure by die oorledene se huis verwys, kan daar meerdere redes wees waarom die appellant nie die sitkamervenster vermeld het nie. Volgens sy verklaring het hy en ses makkers na die huis gegaan en dit is sekerlik moontlik dat hulle in groepe verdeel het om toegang tot die huis te probeer verkry. 'n Verdere moontlikheid is dat hy bewus was van die breek van twee vensters maar slegs melding gemaak het van die agterste venster omdat dit - aldus sy verklaring - daardeur was wat Zola tot in die huis geklim het.

Derdens is gewys op die appellant se bewering dat hulle 'n blanke man in 'n kamer sien slaap het. Dit, so is betoog, rym nie met die

getuienis van Norval nie. Ek kan nie akkoord gaan nie. Norval het slegs gesê: "Dit het nie vir my voorgekom asof iemand kort vantevore op een van die beddens gelê het nie ...." Norval het egter eers omstreeks 13.30 op 9 Augustus 1986 na die oorledene se huis gegaan en laasgenoemde kon toe reeds 'n geruime tyd dood gewees het. Bowendien getuig Norval dat in een van die slaapkamers die beddeken versteur was en 'n kussing skeef gelê het.

Dit is waar dat volgens die Staatsgetuienis die oorledene pantoffels aangehad het maar andersins ten volle gekleed was toe hy aangeval is. Dit is egter heel moontlik dat die oorledene op 'n bed kon gaan rus het en toe aan die slaap geraak het.

Vierdens is aangevoer dat die appellant se stellings aangaande 'n lap en 'n nekdoek nie versoenbaar is met die toestand waarin die oorledene die Saterdag aangetref is nie. Bepaaldelik is betoog dat

hierdie voorwerpe nie toe om die oorledene se oë en mond vasgebind was nie, en dat bowendien in die verklaring nie melding gemaak word van die handdoek wat om die oorledene se nek aangetref is nie.

Aangenome dat die lap en nekdoek wel aangewend is op die wyse beskryf deur die appellant, volg dit natuurlik glad nie dat hulle nie daarna verwyder is nie. 'n Belangrike aanduiding dat die oorledene se aanvallers van 'n serp gebruik kon gemaak het, is te vind in die getuienis van Norval. Hy sê naamlik dat hy 'n bruin serp naby die voorhekkie van die oorledene se erf aangetref het.

Die appellant se advokaat het egter betoog dat die serp niks met die gebeure in die oorledene se huis te doen gehad het nie. Hy het gesteun op 'n uitlating van die oorledene se huishulp met die moontlike strekking dat die serp aan 'n buurvrou van die oorledene behoort het. Die betrokke brokkie

getuienis is nie glashelder nie, maar al sou die huishulp gesê het dat die serp wat Norval later aangetref het aan die buurvrou behoort het, is dit heel duidelik dat laasgenoemde nie gemeen het dat dit op 'n onskuldige wyse naby die genoemde voorhekkie beland het nie. Indien sy wel so gedink het, sou sy immers haar eiendom opgetel het toe sy saam met die huishulp na die oorledene se huis gegaan het.

Ek kom dan by die argument dat die verklaring geen melding van 'n handdoek of van verwurging van die betrokke persoon maak nie. Die ondervinding leer egter dat die aflêers van verklarings soos dié van die appellant neig om sover moontlik selfverontskuldigend te wees. Indien die appellant een van die oorledene se aanvallers was, sou hy geweet het dat die oorledene met 'n handdoek doodgewurg is. Dit sou dus glad nie vreemd wees indien hy in sy verklaring kennis van hierdie inkri-

minerende feit verswyg het nie. In die verbygaan kan daarop gewys word dat na welke voorval die verklaring ook al verwys, die appellant geen melding maak van enigiets wat gesteel is nie. Tog is dit haas ondenkbaar dat sewe persone by 'n huis inbreek, die inwoner oorweldig en dan sonder enige buit die huis verlaat.

Ten slotte is aangevoer dat volgens die verklaring die betrokke persoon tot in die kombuis gesleep is, maar dat die oorledene se liggaam deels in die kombuis en deels in die spens aangetref is. Norval het dit so gestel: "Die liggaam het ... op sy maag gelê, half lyf in die spens van die huis ...". Weer eens aangenome dat die verklaring op die oorledene slaan, is dit egter geensins vreemd dat die ongesofistikeerde, sewentienjarige appellant nie 'n spesifieke onderskeid tussen die kombuis en die aangrensende spens getrek het nie. Inteendeel bied die appellant se bewering dat die blanke man na die

kombuis van die huis gesleep is (en klaarblyklik aldaar gelaat is) 'n baie sterk aanduiding dat die appellant na die oorledene verwys het. Nie net is die oorledene met 'n deel van sy liggaam in die kombuis van sy huis aangetref nie, maar, soos reeds gesê, was daar skaafmerke op sy elmboog en knie.

By ontleding blyk dit dus dat geen gedeelte van die appellant se verklaring onvereenselwigbaar met die reële getuienis is nie. En met inagneming van al bostaande oorwegings is ek buite redelike twyfel oortuig dat die verklaring wel op die gebeure in die respondent se huis betrekking het. Nieteenstaande 'n ietwat huiwerige betoog van die appellant se advokaat tot die teendeel, is daar ook geen rede om te dink dat die verklaring nie betroubaar is in soverre dit inkriminerend is nie. Ek vind dit dus nie nodig nie om te verwys na sogenaamde omringende omstandighede waarop die verhoorhof ook gesteun het.

Om bogenoemde redes is die appèl by die verhoor daarvan afgewys.

H J O VAN HEERDEN AR

EK STEM SAAM

P M NIENABER AR

EK STEM SAAM

A P VAN COLLER WAR